

## Goeie Vrydag - 2 April 2021

### Fokusteks: Psalm 22

Lewis Carroll, die skrywer van *Alice in Wonderland* en ander kinderstories, het iewers geskryf van 'n slot wat altyd rondgehardloop het op soek na iets. Uiteindelik het 'n nuuskierige iemand gevra: "Wat is die probleem?" En die slot het gesê: "Ek soek na iemand wat my kan oopsluit!"

Die skrywer (Dawid) van Ps.22 is ook besig om naorstigtelik te soek. Hy soek God. God is die sleutel van sy lewe, maar die Here is klaarblyklik nêrens te vinde. Hy rig 'n ernstige noodkreet tot die Here, hy soek sy reddende teenwoordigheid, maar God is skynbaar doof. Dit voel ook asof God ver weg is en glad nie belangstel in sy omstandighede, of iets daaraan gaan doen nie.

<sup>2</sup> *My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?*

<sup>3</sup> *My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.*

Die grootste krisis vir die Ou Testamentiese gelowige was om van God afgesny te wees. Dit is presies hoekom Dawid so angstig word. Die verskriklikste ding wat jou kon oorkom was om van God geïsoleer te wees. Dit is deur die geloofsgemeenskap beskou as 'n oordeel en straf van God. Gevolglik weerhou die Here ook sy seëninge en beloftes van jou. As God Hom van jou onttrek, kan jy geen hulp meer verwag nie. Dit het gelei tot 'n rimpeleffek. Die geloofsgemeenskap gaan hulself ook van jou onttrek. Jou familie, vriende en bure word nou ook van jou vervreem. As God niks meer met jou te doen wil hê nie, sal die mense rondom jou dit nie meer waag om enigsins deel van jou lewe te wees nie. Hulle sal hulself net verontreinig. Nou is jy letterlik op jouself aangewese. Jy is oorgegee aan die bose mense en demoniese magte wat gereed staan om jou te vernietig. Verlatenheid van God is gelyk aan hel. Dawid se noodkreet is regtig 'n saak van lewe en dood.

Dawid beroep hom nou op die trou van die Here, soos sy voorgeslagte dit ervaar het. Hy hoop om God hiermee as't ware "in beweging" te bring om iets aan sy omstandighede te doen. Drie keer verwys hy na die verbondstrou van die Here:

<sup>5</sup> *Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered.*

<sup>6</sup> *Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie.*

Met ander woorde, as die Here dan in die verlede kon help, hoekom nie nou nie? Wat het van die trou van die Here geword? Is dit nog die moeite werd om die Here te vertrou met jou lewe as dit blyk dat God Hom aan jou onttrek het? Dawid gaan voort om sy persoonlike nood te beskryf. Wat hy nie kan begryp nie, is hoedat God, wat hom van sy geboorte af versorg het, hom nou verlaat het. Hy volg dit op met allerlei metafore uit die natuur en die diereryk. Dit is 'n beskrywing van sy verskriklike eensaamheid en sy totale verlies aan God se nabyheid.

<sup>7</sup> *Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag.*

<sup>8</sup> *Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê:*

<sup>9</sup> *"Laat dit aan die Here oor! Laat Hý hom red, laat Hý hom bevry as Hy dan so baie van hom hou."*

<sup>10</sup> *U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder.*

<sup>11</sup> *Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God.*

<sup>12</sup> *Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie.*

<sup>13</sup> *'n Wreedardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe.*

<sup>14</sup> *Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop bekke op my af.*

<sup>15</sup> *Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my.*

<sup>16</sup> *Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is.*

<sup>17</sup> *Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas.*

<sup>18</sup> *Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak.*

Met hierdie beelde en metafore beskryf die psalmdigter verlatenheid as 'n werklikheid wat jou hele bestaan raak. Jy is sosiaal geïsoleer, fisies uitgeteer, geestelik uitgeput, psigies afgestomp, sonder hoop en sonder raad. Eensaamheid oorweldig jou. En die tergende vraag bly in jou gemoed - sal God my hoor? Sal Hy my red uit hierdie eensaamheid?

Nou kan ons verstaan hoekom Jesus juis hierdie Psalm kies om sy verlatenheid aan die kruis te verwoord - *my God, my God, waarom het U My verlaat?* In sy Godverlatenheid roep Jesus uit na God. Hy kies hierdie aangrypende psalm om sy bestaanskrisis voor God onder woorde te bring. Die Psalm word Jesus se noodkreet voor God se aangesig. Daarmee leer Jesus ons om te doen wat die digter van Psalm 22 gedoen het: om ons eie nood en verlatenheid voor God te verwoord. Let op hoe die hulpgeroep van die digter aan die begin van die Psalm is: *mý God, mý God*. Dawid stort sy hart voor die Here uit omdat hy in 'n diep verhouding met Hom staan. Die Psalm nooi jou uit om jou diepste angste en vrese voor God te verwoord, en dit gee ook vir jou die woorde om dit te doen. Jy staan in 'n persoonlike verhouding met God, Hy het jou gemaak en jy is Syne. Jy hoef niks ongesê te laat bly nie. Gebed is 'n eerlike worsteling met God tot op die rand van doodsangs en eensaamheid. Moenie agter God se rug praat nie, praat eerder direk met Hom. Neem jou klagte na die regte adres, neem dit na God.

Dit mag vir jou soms lyk asof die Here vir jou vreemd en verborge voorkom, maar dit beteken nie dat jy moet ophou praat nie. Die kuns van die geloof is om te bly reken met die goeie, genadige, en barmhartige God. Stap 'n slag na buite as die lug heeltemal bewolk is met donker wolke. Kan jy die son sien? Nee, maar jy weet die son is steeds daar, dit is nie weg nie, al lyk die lug ook hoe donker. Geloof is om in jou hart die son te bly sien wat jou oë nie kan sien nie.

Vandag is Goeie Vrydag. Ons herdenk Jesus se sterwe aan die kruis. Jesus neem die gebroke en vervalde bestaan van die skepping vrywillig op Hom. Hy dra ons skuld, namens ons, ter wille van ons, voor God. Hy kies vrywillig daarvoor om die ellende waarin die mensdom homself gedompel het voor God op Hom te neem. Hy gebruik Psalm 22 se noodkreet namens ons en rig dit tot die Vader. Jesus was van God verlaat, sodat ons nooit van God verlaat sal wees nie. Daarmee is die angel uit ons Godverlatenheid gehaal. Sou ons ook al 'n diepe Godsverduistering beleef, beteken dit nie dat ons van God geskei is nie. God se teenwoordigheid is 'n belofte, selfs al sukkel ons om dit te beleef.

Dawid se heerlike ontdekking is dat die Here wel sy gebed gehoor het. Sy noodkreet het nie op dowe ore geval nie. Die Here het hom vasgehou deur sy omstandighede.

<sup>22</sup> *U het my gebed verhoor!*

<sup>23</sup> *Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.*

<sup>24</sup> *Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob!*

*Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!*

<sup>25</sup> *Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie,*

*Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.*

<sup>26</sup> *My loflied in die volle vergadering kom van Hom af,*

*my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien.*

Net so het die Vader ook sy Seun vasgehou in die dood. Hoewel Jesus die doodsangs beleef het soos wat Dawid in Psalm 22 beskryf, het Hy sy klag tot sy enigste Hoop geneem, naamlik sy Vader. Selfs toe die donker toesak, het Hy sy vertrouwe in God gestel, al was dit dan met 'n klaggebed. Daarom rig ons die klagtes en gevoelens van ons eie Godverlatenheid na die Bron van hoop. Ons troos is nie in antwoorde en in

verduidelikings geleë nie, maar in die Een op wie ons hoop gerig is. Hy wat dit nie ontsien het om self van God verlaat te wees nie – ter wille van ons – sodat ons nooit weer van God verlaat sal wees nie. Ook nie in ons donkerste oomblikke nie.

Nou kan ons doen wat Dawid gedoen het in Psalm 22, en dit is om die lof van God voor almal te verkondig. Israel en al die nageslagte word opgeroep om die Here te prys en dien (vers 24). Ons kan Hom loof vir sy reddingsdade. Ons kan Hom vereer met ons getuienis en dankbaarheid, selfs deur die donker wolke heen.

### **Gebed** (Willie Jonker)

Here Jesus, u graf en u kruis was nie die laaste woord oor U nie.  
 Dankie dat die donkerte van ons ellende  
 ook nooit die laaste woord oor ons is nie,  
 omdat U uit liefde vir ons gesterf, én opgestaan het!  
 U weet dat die lewe 'n manier het om ons te breek,  
 sodat ons nooit weer dieselfde kan wees nie.  
 Maar dankie, Here Jesus, dat U in staat en gewillig is  
 om óf ons situasie óf onself so te verander  
 dat ons bokant die donkerte en verdriet kan uitkom,  
 wel met die merktekens van die kruis aan ons,  
 maar tog ook met iets van die heerlijkheid van u opstandingslewe in ons.

### **Golgota**

W.E.G. Louw (1913 - 1980)

Met rooi, gewonde voete en die pyn  
 van dorings wat sy hoof in spot ontsluit,  
 het Hy – gelaaf met mirre en bitter wyn –  
 Teen Golgota sy droewe gang gestuit.

Soldate het sy klere uitgetrek  
 en luid getwis oor kleed en lendedoek;  
 sy naakte liggaam het hul oopgevlak  
 oor stam en balk en dit met smaad vervloek.

Die wrede spykers word deur vlees en been  
 met felle slae ingejaag: sy hande,  
 verstrak in laaste, goddelike seën,  
 het Hy wyd uitgebrei oor alle lande . . .

Die vroue roep in duisternis en treur . . .  
 Die aarde beef . . . Die tempelvoorhang skeur.

[Uit: *Die passie van ons Heer* - Groot Verseboek 2000, p. 196.]